MUNSOFT
municipal financial software

Munsoft Eiendoms Beperk

Registrasienommer: 2001/024674/07

Handleiding ingevolge van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 en die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013

Inhoud

1. Definisies 2
2. Oogmerk van die handleiding 2
3. Artikel 10 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting 2
4. Kontakbesonderhede 3
5. Beskerming van Persoonlike Inligting 3
6. Toepaslike wetgewing 7
7. Skedule van Rekords 8
8. Versoeke vir toegang tot inligting 9
9. Kopiereg 9

Opgestel: Desember 2021
Hersien: -
Weergawe: 1

1. Definisies

1.1 “Datasubjek” het die betekenis daaraan toegewys in artikel 1 van POPIA;

1.2 “Handleiding” beteken hierdie handleiding voorberei in terme van artikel 51 van PAIA en regulasie 4(1) (d) van die POPIA Regulasies;

1.3 “Inligtingsbeampte” beteken die Munsoft hoof operasionele beampte;

1.4 “Kliënt” verwys na enige natuurlike of regspersoon aan wie Munsoft dienste lewer;

1.5 “PAIA” beteken die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000;

1.6 “Persoonlike Inligting” het die betekenis daaraan toegewys in artikel 1 van POPIA;

1.7 “POPIA” beteken die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013;

1.8 “POPIA Regulasies” beteken die regulasies gepromulgeer in terms van artikel 112(2) van POPIA;

1.9 “Privaatliggaam” het die betekenis daaraan toegewys in artikels 1 van beide PAIA en POPIA;

1.10 “Prosessering” het die betekenis daaraan toegewys in artikel 1 van POPIA;

1.11 “Rekord” het die betekenis daaraan toegewys in artikel 1 van PAIA en sluit Persoonlike Inligting in;

1.12 “SAHRC” verwys na die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie;

1.13 “Verantwoordelike Party” het die betekenis daaraan toegewys in artikel 1 van POPIA;

1.14 “Versoeker” het die betekenis daaraan toegewys in artikel 1 van PAIA.

2. Oogmerk van die handleiding

Hierdie handleiding:

2.1 sit die prosedure uiteen vir ‘n Versoeker om inligting te versoek en ook die manier waarop versoeke tot toegang hanteer sal word, soos bepaal deur die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting; en

2.2 vir die doeleindes van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, detailleer hierdie handleiding, onder andere, die doel waarvoor Persoonlike Inligting geprosesseer mag word; word die kategorieë van Datasubjekte vir wie Munsoft Persoonlike Inligting prosesseer beskryf, tesame met die kategoriee van Persoonlike Inligting wat verband hou tot hierdie Datasubjekte; en die persone aan wie Persoonlike Inligting verskaf mag word, word beskryf.

3. Artikel 10 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting

3.1 PAIA verleen die reg tot toegang tot die Rekords van ‘n Privaatliggaam indien sodanige Rekord benodig word vir die uitoefening of beskerming van enige regte. Waar ‘n publieke liggaam ‘n versoek tot toegang tot inligting rig, moet sodanige publieke liggaam in die openbare belang optree.

3.2 Versoeke kragtens PAIA moet gemaak word in terme van die voorgeskrewe prosedures en tariewe. Die vorms en tariewe word voorgeskryf in artikels 18 en 22 van PAIA.

3.3 Versoekers word verwys na die handleiding kragtens artikel 10 van PAIA, opgestel deur die SAHRC wat inligting bevat met betrekking tot die uitoefening van grondwetlike regte. Hierdie handleiding is beskikbaar by die SAHRC.

3.4 SAHRC kontakbesonderhede:
Posadres: Privaatsak 2700, Houghton, 2041
Telepfoonnommer: 011 877 3600
Faksnommer: 011 403 0625

Webwerf: sahrc.org.za

4. Kontakbesonderhede

4.1 Ampsdraers:
Johannes Gysbertus Marthinus Richter (Hoof UItvoerende Beampte)
Rudolph Philippus de Bruyn (Hoof Operasionele Beampte en Inligtingsbeampte)
Ndiafhi Rerani (Direkteur)
Lodewikus Ernest Burger (Hoof Finansiele Beampte)
Mariska Munnik (Maatskappysekretaresse)

4.2 Fisiese adres

4.2.1 Centurion Kantoor:
Bauhiniastraat 5
Gebou 6
Cambridge Office Park
Highveld Techno Park
Centurion
0169

4.2.2 Roodepoort Kantoor:
Constantia Office Park
Cycad House, Gebou 17
Hoek van 14de Laan en Hendrik Potgieterstraat
Weltevredenpark
Roodepoort
1709

4.2.3 Polokwane Kantoor:
Kantoor 10
The Office Park
Polokwane Sentrale Sake Distrik
Polokwane
Limpopo
0700

4.3 Faksnommer: 011 215 9018

4.4 Telefoonnommer:011 215 8000

4.5 Webwerf: www.Munsoft.co.za

4.6 Eposadres: info-request@munsoft.co.za

5. Beskerming van Persoonlike Inligting

5.1 Hoofstuk 3 van POPIA bevat die minimum voorwaardes vir die wettige Prosessering van Persoonlike Inligting deur ‘n Verantwoordelike Party. Daar mag nie afgewyk word van hierdie voorwaardes nie, tensy spesifiek deur POPIA bepaal.

5.2 Munsoft gebruik Persoonlike Inligting van natuurlike- en regspersone vir operasionele doeleindes. Munsoft bepaal die manier en doel waarvoor Persoonlike Inligting geprosesseer word en is dus ‘n

Verantwoordelike Party in terme van POPIA. Munsoft sal toesien dat die Persoonlike Inligting van ‘n Datasubjek:

5.2.1 wettig, regverdig en deursigtig geprosesseer word. Dit sluit in die voorsiening van toepaslike inligting aan die Datasubjek wanneer sy/haar data deur Munsoft versamel word deur privaatheid kennisgewings. Munsoft moet ook altyd ‘n wettige basis hê om die Persoonlike Inligting te Prosesseer;

5.2.2 slegs geprosesseer word vir die doel waarvoor dit versamel is;

5.2.3 nie geprosesseer sal word vir ‘n sekondêre doel tensy sodanige prosessering vereenselwig kan word met die oorspronklike doel nie;

5.2.4 voldoende, relevant en nie oordadig is tot die doel waarvoor dit versamel is nie;

5.2.5 akkuraat en op datum gehou word;

5.2.6 nie langer as nodig gehou word nie;

5.2.7 word geprosesseer op die beginsels van integriteit en vertroulikheid, wat fisiese en organisatoriese maatreëls insluit om te verseker dat Persoonlike Inligting, in fisiese en elektroniese formaat, voldoende beskerm word wanneer dit gestoor, gebruik of gekommunikeer word deur Munsoft en om sodanige inligting te beskerm teen toegang tot en verkryging daarvan deur ongemagtigde persone en teen perongeluke verlies, vernietiging of skade;

5.2.8 word geprosesseer in terme van die regte van Datasubjekte, waar van toepassing. Datasubjekte die reg het om:

5.2.8.1 in kennis gestel te word wanneer hulle Persoonlike Inligting ddeur Munsoft ingesamel word. Datasubjekte het ook die reg om in kennis gestel te word van enige data verlies;

5.2.8.2 te weet of Munsoft Persoonlike Inligting van hulle het en toegang te hê tot sodanige Persoonlike Inligting. Enige versoek tot toegang tot Persoonlike Inligting moet in terme van die bepalings van hierdie handleiding gedoen word;

5.2.8.3 die regstelling of verwydering van onakkurate, irrelevante, oormatige, gedateerde, onvolledige, misleidende of onwettig bekomde Persoonlike Inligting te versoek;

5.2.8.4 beswaar aan te teken teen Munsoft se gebuik van hulle Persoonlike Inligting en die verwydering van sodanige Persoonlike Inligting versoek (onderworpe aan Munsoft se rekordhouding);

5.2.8.5 beswaar aanteken teen die prosessering van Persoonlike Inligting vir direkte bemarkingsdoeleindes deur middel van ongevraagde elektroniese kommunikasie; en

5.2.8.6 ‘n klag te lê by die Inligtingsreguleerder vir enige beweerde skending van enige van sy/haar regte in terme van POPIA en om siviele aksie in te stel vir die beweerde blootstelling/verlies van sy/haar Persoonlike Inligting.

5.3 Doel van Prosessering van Persoonlike Inligting deur Munsoft

Doel van die Prosessering van Persoonlike Inligting	**Tipe Prosesserings**
1. Werwing en bestuur van werknemers; 2. Diensverskaffing aan die kliënt op terme ooreengekom met die kliënt; 3. Verhoudings bestuur met diensverskaffers en derde partye; 4. Bestuur van verhoudings met statutêre liggame en ander owerhede;	Versameling, opneem, organisasie, strukturering, berging, aanpassing of wysiging, opvra, konsultasie, gebruik, operbaarmaking deur transmissie, disseminasie of ander metode van beskikbaarstelling, kombinasie, beperking, verwydering of vernietiging.

5. Bestuur van verhoudings met die media en algemene publiek; 6. Aktiwiteite verbandhoudend tot die voorsiening van dienste en transaksies, wat die volgende insluit: a. om die identiteit van ’n kliënt en derde party verteenwoordigers te verifieer; b. vir doeleindes van risiko bepalings, inligtingsekuriteitbestuur, statistiek, analise en beplanning; c. vir die waarneming en opneem van oproepe en elektroniese kommunikasie met die kliënt en derde party verteenwoordigers vir kwaliteits-, opleidings- ondersoek en bedrog voorkomingsmaatreëls; d. om misdaad te identifiseer, voorkom en ondersoek en om misdadigers te vervolg; e. om Munsoft se regte te verdedig of af te dwing; en f. om Munsoft se verhouding met kliënte en derde partye te bestuur. 7. Die doelwitte verbandhoudend tot ‘n gemagtigde openbaarmaking in terme van ‘n ooreenkoms, wet of regulasie; 8. Enige aanvullende oogmerke spesifiek deur die kliënt of betrokke derde party gemagtig; en 9. Enige addisionele doelwitte soos gekommunikeer deur Munsoft van tyd tot tyd.	

5.4 Kategorieë van Datasubjekte en die Persoonlike Inligting verbandhoudend tot hierdie kategorieë

Kategorieë van Datasubjekte en die Persoonlike Inligting verbandhoudend tot hierdie kategorieë	**Datasubjek**
Werknemers: Name, identiteitsnommers, sake kontakbesonderhede (adres/telefoonnommer/eposadres), bankbesonderhede, mediesefonds besonderhede; nood kontakbesonderhede	Natuurlike persoon

Diensverskaffers: Name, identiteitsnommers, registrasienommers, sake kontakbesonderhede (adres/telefoonnommer/eposadres), bankbesonderhede	Natuurlike -en regspersone
Kliënte: Persoonlike Inligting wat verband hou tot 'n Datasubjek wat deur of namens Munsoft vanaf 'n kliënt, hul geaffilieerdes en verteenwoordigers en verwante partye ontvang word in die lewering van dienste aan die kliënt of verbandhoudend tot 'n transaksie of dienste. Kliënt Persoonlike Inligting mag name, kontakbesonderhede, identifikasie en verifikasie inligting, inligting oor nasionaliteit en verblyfreg, belastingnommers, rekeningnommers, "voiceprints", PBX opnames, bankrekening en transaksie inligting (waar regtens toelaatbaar) insluit en tot die mate waarin hierdie inligting Persoonlike Inligting geag word.	Natuurlike -en regspersone

5.5 Ontvangers van Persoonlike Inligting
Die volgende groepe mag Persoonlike Inligting van Munsoft af ontvang:

5.5.1 Nasionale en Provinsiale Tesouries, die Ouditeur Generaal en ander statutêre owerhede;
5.5.2 kliënte;
5.5.3 Munsoft se professionele raadgewers;
5.5.4 industrie liggame;
5.5.5 wetstoepassingsagentskappe;
5.5.6 diensverskaffers.

5.6 Beoogde oorgrensvloei van Persoonlike Inligting
Die oorgrensvloei van inligting sal slegs geskied waar inligting in die wolk ("cloud") gestoor word en dan slegs kragtens die bepalings van artikel 72 van POPIA.

5.7 Veiligheidsmaatreëls om Persoonlike Inligting te beskerm
5.7.1 Fisiese veiligheidsmaatreëls
5.7.1.1 toegangsbeheer;
5.7.1.2 maatreëls ter beskerming van mobiele toestelle (soos selfone en skootrekenaars);
5.7.1.3 interne veiligheidsmaatreëls;
5.7.1.4 enkripsie van "backup" data terwyl dit beweeg;
5.7.1.5 enkripsie van "backup" data terwyl dit gestoor word;
5.7.2 inligtingsekuriteit veiligheidsmaatreëls;

5.7.2.1 “anti-spam” maatreëls;
5.7.2.2 anti-virus maatreëls;
5.7.2.3 firewalls;
5.7.2.4 wagwoord beheer;
5.7.2.5 “virtual private networks (VPN)”;
5.7.2.6 “credential vaults”.
5.7.3 Opleiding en inligtingsekuriteitsbeleid.
5.7.4 Oudits van inligtingsekuriteitstelsels en prosedures.

5.8 Versoeke vir toegang tot Persoonlike Inligting
‘n Datasubjek mag enige tyd sy/haar Persoonlike Inligting by Munsoft versoek deur ‘n epos te stuur na info-request@munsoft.co.za.

5.9 Beswaar teen die Prosessering van Persoonlike Inligting deur ‘n Datasubjek
Artikel 11 (3) van POPIA en regulasie 2 van die POPIA Regulasies bepaal dat ‘n Datasubjek enige tyd, in die voorgeskrewe vorm, teen die Prosessering van sy/haar inligting mag beswaar aanteken, onderworpe aan die uitsluitings in POPIA vervat.

5.10 Versoek vir die regstelling of uitvee van Persoonlike Inligting
Artikel 24 van POPIA en regulasie 3 van die POPIA Regulasies bepaal dat ‘n Datasubjek, in die voorgeskrewe vorm, mag versoek dat sy/haar Persoonlike Inligting reggestel of uitgevee moet word.

6. Toepaslike wetgewing

Number	Reference	Act
1	108 van 1996	Grondwet van Suid-Afrika
2	71 van 2008	Maatskappywet
3	98 van 1978	Wet op Kopiereg
4	55 van 1998	Wet op Gelyke Indiensneming
5	4 van 2000	Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie
6	95 van 1967	Wet op Inkomstebelasting
7	66 van 1995	Wet op Arbeidsverhoudinge
8	89 van 1991	Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde
9	97 van 1998	Wet op Ontwikkeling van Vaardighede
10	9 van 1999	Wet op Heffing vir Ontwikkeling van Vaardighede
11	53 van 2003	Breë Basis Swart Ekonomiese Bemagtigingswet
12	75 van 1997	Wet op Basiese Diensvoorwaardes
13	85 van 1993	Wet op Beroepsveiligheid en Gesondheid

14	130 van 1993	Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings- en siektes
15	69 van 1984	Wet op Beslote Korporasies
16	25 van 2002	Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies
17	2 van 2000	Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting
18	26 van 2000	Wet op Beskermde Bekendmakings
19	30 van 1996	Werkloosheidsversekeringswet
20	2 van 2013	Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting
21	117 van 1998	Munisipale Strukturewet
22	5 van 2000	Wet op die Raamwerk van Voorkeurverkrygingsbeleid
23	27 van 1998	Munisipale Wet op Afbakening
24	32 van 2000	Munisipale Stelselwet
25	56 van 2003	Munisipale Wet op Finansiële Bestuur
26	6 van 2004	Wet op Munisipale Eiendomsbelasting
27	12 van 2007	Wet op Munisipale Fiskale Magte en Funksies
28	12 van 2004	Wet op Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede
29	3 van 2000	Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid
30	89 van 1998	Kompetisiewet
31	38 van 2001	Wet op Finansiële Intelligensie
32	68 van 2008	Verbruikersbeskermingswet

7. Skedule van Rekords

Die onderwerpe en kategorieë van Rekords wat Munsoft hou kragtens artikel 51 van PAIA word hieronder gelys. Let asseblief daarop dat ‘n Versoeker nie outomaties toegang gegun sal word tot hierdie Rekords nie en dat toegang tot hierdie Rekords kragtens artikels 62 tot 69 van PAIA geweier mag word.

Rekord	**Beskikbaarheid**
Openbare aangeleenthede	Vrylik beskikbaar op www.munsoft.co.za en www.cipc.co.za
Kliënte	Versoek in terme van PAIA
Finansieël	Versoek in terme van PAIA
Menslike Hulpbronne	Versoek in terme van PAIA
Inligtingsregnologie	Versoek in terme van PAIA
Korporatief	Versoek in terme van PAIA

Verkope en bemarking	Beperkte inligting beskikbaar op die Munsoft webwerf Versoek in terme van PAIA
Operasioneel	Versoek in terme van PAIA

8. Versoeke vir toegang tot inligting

8.1 Gebruik asb die voorgeskrewe vorm, beskikbaar op die Menseregtekommissie se webwerf by www.sahrc.org.za om enige versoeke tot inligting te fasilieer.

8.2 Rig u versoek aan die Munsoft Inligtingsbeampte per epos by info-request@munsoft.co.za.

8.3 Verskaf asseblief genoeg besonderhede om Munsoft in staat te stel om die volgende te bepaal:

8.3.1 Rekord wat versoek word;

8.3.2 identiteit en kapasiteit van die Versoeker;

8.3.3 tipe toegang wat vereis word;

8.3.4 Versoeker se Suid-Afrikaanse pos- en eposadres;

8.3.5 besonderhede van hoe die Versoeker ingelig wil word van die uitkoms van haar/sy versoek;

8.3.6 bevestiging van die regte wat die Versoeker beoog om te uit te voer of te beskerm, asook ‘n rede waarom die Rekord nodig is vir die uitoefening of beskerming van hierdie reg.

9. Kopiereg

Hierdie dokument word beskerm kragtens die Berne Konvensie en die Wet op Kopiereg. Geen deel van hierdie dokumente mag gereduseer of gedeel word op enige manier; hetsy meganies of elektronies, deur afskrifte te maak, opnames daarvan te maak of deur enige inligtingstelsel; sonder die toestemming van Munsoft nie.

Alhoewel die nodige gedoen is om te verseker dat die inhoud van hierdie handleiding volledig en akkuraat is, is Munsoft, sy direkteure, beamptes en werknemers nie verantwoordelik vir enige verlies wat gely word deur enige person wat staatmaak op die inhoud van hierdie dokument nie.